

13 September

Johannes 13:31-35

(Teks: 13:34) Mekaar liefhê soos Jesus liefhet

Liefde! Ons hoor baie daarvan. Oor die televisie, in boeke, in tydskrifte lees en kyk ons elke dag van liefdesstories en sepies.

In ons eie praktiese lewe van elke dag ondervind baie lidmate 'n gebrek aan egte en ware liefde. Daar is lidmate wat siek is, of alleen is, wat begeer om besoek te word deur medegelowiges. In God se Woord lees ons dat die tekort aan liefde 'n kenmerk is van die eindtyd. Ons lees in 2 Timoteus 3:3: "Hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie". Ook in Matt 24:12: "Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel."

Moet ons nou maar ons skouers optrek en berus by so 'n droewige situasie? Nee, juis daarom gee Christus die opdrag, die maatstaf vir egte liefde. Hy sê: Julle moet mekaar liefhê, "soos Ek julle liefhet."

Hoe het Hy ons liefgehad? Hy het sy glorie, sy troon, die hemel verlaat en is ingedompel in onbeskryflike lyding en smart. Was die mense bly om Hom te sien? Nee, allermens; hulle het Hom beledig, teleurgestel, verlaat, verloën. Hy is geslaan, bespot, bespoeg, gegesel, gekruisig en tog het Hy bly liefhê.

Dit was nie liefde op voorwaarde nie, maar liefde "ondanks". So moet ons mense liefhê, ondanks hulle swakhede en gebreke, ondanks hulle houding teenoor u. Christus beveel dit. Doen dit uit dankbaarheid.

Sing Skrifberyming 33:1 en 3 Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)